

**17 Julie**

**Skrifgedeelte: Matteus 25:1-13**

**Fokusgedeelte: Matteus 25:13**

**Waak dan!**

Uit die gelykenis blyk dit, dat dit volgens menslike maatstawwe en menslike tydsberekening, lank duur voordat die Here kom. Wat hier egter skerp na vore kom, is die waarskuwing dat Hy plotseling sal kom, onverwags. Daarom kom die dringende oproep: Waak dan!

Die bruidegom in die gelykenis het gekom toe ál die meisies geslaap het. As die Here Jesus weer kom, sal dit ook so wees. Hy sal onverwags kom. Hy sal kom wanneer die mense Hom nie verwag nie. Hy sal kom te midde van die sleur van elke dag se werksaamhede. Hy kan kom terwyl die boer besig is om sy beeste te doseer of om sy oes in te samel. Hy kan kom terwyl die huisvrou besig is om ete voor te berei, terwyl die onderwyser klasgee, terwyl `n voetbalwedstryd aan die gang is, terwyl ons erediens hou. Onverwags. Niemand kan sê wanneer nie en daarom moet ons geestelik wakker wees.

Daar is tekens wat sy koms voorafgaan, tekens soos aardbewings, oorstromings, oorloë, hongersnode en pessiektes. Ál hierdie dinge was altyd daar. Vóór sy koms sal dit egter met 'n groter intensiteit plaasvind, meer verspreid voorkom en meer dikwels op mekaar volg. Ons moet dus waak en let op die tekens van die tye.

Nogtans, al sou die Here nie kom tydens ons aardse lewe nie, kom Hy tog vir ons as ons sterwe. Hierdie Skrifgedeelte wil ons dus waarsku dat ons Jesus in hierdie lewe moet kies. As Hy kom of as ons te sterwe kom, sal daar nog geleentheid. wees vir 'n allerlaaste, finale selfondersoek?

*Sing: Psalm 25:2 Ds LJ van der Merwe (Emeritus)*